



**NASIONALE SENIOR
SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2022

**EKONOMIE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 B – $I + G + X > S + T + M$ ✓✓
- 1.1.2 C – Jugler ✓✓
- 1.1.3 A – ondoeltreffendheid ✓✓
- 1.1.4 A – verbetering ✓✓
- 1.1.5 D – koste om besigheid te doen ✓✓
- 1.1.6 B – integrasie ✓✓
- 1.1.7 C – M1 ✓✓
- 1.1.8 D – gemeenskapsmark ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PAS-ITEMS

- 1.2.1 D – 'n klein aanvanklike toename in besteding produseer 'n proporsioneel groter toename in totale nasionale inkomste ✓
- 1.2.2 F – onafhanklike faktore wat sakesiklusse beïnvloed en buite die ekonomie ontstaan ✓
- 1.2.3 G – Stelsel wat die waarde van geldeenheid toelaat om op markkragte te reageer met sentrale bankintervensies ✓
- 1.2.4 A – Herverdeling van inkomste en welvaart ✓
- 1.2.5 H – 'n Amptelike staatsverbod op handel met 'n bepaalde land ✓
- 1.2.6 C – regstellingsprogram as gevolg van diskriminerende wette in die verlede ✓
- 1.2.7 E – geniet aansporings soos belastingverligting en ondersteuningstelsels om nywerheidsontwikkeling te bevorder ✓
- 1.2.8 I – 'n Internasionale instelling wat gestig is om ekonomiese herstel en ontwikkeling te bevorder ✓ (8 x 1) (8)

1.3 GEE DIE TERM

- 1.3.1 Ekonomiese Kringloop/Sirkulêre vloei ✓
- 1.3.2 Meriete goedere ✓
- 1.3.3 Devaluasie ✓
- 1.3.4 Ekonomiese groei ✓
- 1.3.5 Ekonomies aktiewe bevolking ✓
- 1.3.6 Korridor ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**2.1 2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van die fiskale beleid.**

- Doelgebonde ✓
- Vraaggebaseerd ✓
- Siklies ✓

(Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe sal 'n positiewe vermenigvuldigingseffek die ekonomie beïnvloed?

Dit kan die ekonomie beïnvloed deur:

- firmas verhoog produksie en verkoop meer goedere. ✓✓
 - dat sommige firmas meer werkers aanstel om aan die groter vraag te voldoen namate uitset toeneem ✓✓
 - inkomste aan huishoudings te verskaf wat besteding sal verhoog ✓✓
 - tot 'n toename in ekonomiese groei by te dra. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

2.2 DATARESPONS**2.2.1 Watter letter verteenwoordig invoere van bogenoemde data?**

A ✓

(1)

2.2.2 Watter internasionale instelling kan lande met fondse help om fundamentele tekort reg te stel?

Internasionale Monetêre Fonds (IMF) ✓

(1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *betalingsbalans*.

'n Sistematiese rekord van alle handel en finansiële transaksies van 'n land met die res van die wêreld. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(2)

2.2.4 Verduidelik die verband tussen die wisselkoers van 'n land en die lopende rekeningsaldo.

- 'n Oorwaardeerde wisselkoers beteken dat die land se uitvoer relatief duur sal wees en invoer goedkoper ✓✓
- Besteding aan invoere neem toe wat lei tot voortdurende tekorte op die lopende rekening van die betalingsbalans ✓✓
- 'n Ondergewaardeerde land se geldeenheid maak die land se invoer relatief duur as sy uitvoer ✓✓ wat tot fundamentele surplusse lei namate meer uit die invoerbetalings verdien word ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 Waarom is dit belangrik om 'n land se betalingsbalansdata te ontleed?

Betalingsbalansdata:

- verskaf gedetailleerde inligting oor die vraag en aanbod van die land se geldeenheid ✓✓
- kan gebruik word om die prestasie van die land in internasionale ekonomiese mededinging te evalueer ✓✓
- dui 'n land se internasionale betalingsgapings aan wat deur die regering se amptelike reserwe transaksies gefinansier moet word ✓✓
- verseker maksimum valutabeheer ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 Noem enige EEN metode om bruto binnelandse produk te bereken.

- Produksie ✓
- Uitgawes ✓
- Inkomste ✓

(Enige 1 x 1) (1)

2.3.2 Wat word op produkte in ag geneem wanneer basiese pryse na markpryse omgeskakel word?

- Belasting ✓
- Subsidies ✓

(Any 1 x 1) (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *bruto binnelandse produk*.

Waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land vir 'n spesifieke tydperk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.3.4 Hoe kan ekonome die akkuraatheid van BBP-syfers verseker?

Deur slegs die waarde van finale goedere en dienste by die samestelling van die syfers by te voeg. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)


2.3.5 Waarom is reële BBP 'n voorkeurmaatstaf van ekonomiese groei eerder as nominale BBP?

Reële BBP word meer verkies as nominale BBP omdat:

- dit gebruik konstante pryse, wat vergelykings tussen jare meer sinvol maak ✓✓
- dit maak voorsiening vir vergelykings van die werklike volume goedere en dienste sonder om inflasie in ag te neem ✓✓
- deur inflasie te verwyder, verskaf reële BBP die mees akkurate syfers waarmee 'n ekonomie se veranderinge oor tyd uitgedruk en gemonitor kan word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik met behulp van 'n goed-gemerkte Laffer-kurwe die verband tussen 'n belastingkoersverhoging en die effek daarvan op staatsinkomste.



Uitwerking van 'n belastingverhoging op staatsinkomste

- Soos die belastingkoers styg, neem belastinginkomste toe ✓✓
- Waar die kromme 'n hoogtepunt bereik (teen belastingkoers t) maksimeer die belasting aan die regering ✓✓
- Teen belastingkoerse hoër as t, sal staatsinkomste daal omdat werkers sal weier om te werk of hul inkomste sal openbaar (ontduiking/vermyding) ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 4) (4 x 2) (8)

2.5 Hoe bevoordeel finansiële markte die ekonomie?

- Finansiële markte help om die vloeï van spaargeld en investering doeltreffend in die ekonomie te rig ✓✓
- Hulle doen dit op maniere wat die akkumulasie/ophoping van kapitaal en die produksie van goedere en dienste vergemaklik. ✓✓
- Die markte maak dit maklik vir kopers en verkopers om hul finansiële besittings te verhandel. ✓✓
- Finansiële markte verskaf finansiering vir maatskappye sodat hulle kan huur, belê en groei. ✓✓
- Finansiële markte speel 'n belangrike rol om die gladde werking van ander markte te fasiliteer deur hulpbronne toe te ken en likiditeit vir besighede en entrepreneurs te skep. ✓✓
- Finansiële markte skep sekuriteitsprodukte wat 'n opbrengs bied vir diegene wat oortollige fondse het (beleggers/uitleners) ✓✓ en stel hierdie fondse beskikbaar aan diegene wat bykomende geld benodig (leners). ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 4 x 2)

(8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE dienste wat as sosiale aanwysers beskou word.**

- Elektrisiteit ✓
- Vullis/vullisverwydering ✓
- Watervoorsiening ✓
- Sanitasie ✓

(Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 **Hoe verbeter Spesiale Ekonomiese Sones nywerheidsontwikkeling?**

- Spesiale ekonomiese sones het verbinding met beide verskaffers en potensiële markte terwyl dit uitvoergerigte nywerhede en plaaslike integrasie bevorder. ✓✓
- Hulle stimuleer dus indiensneming en industrie groei en maatskaplike ontwikkeling. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Noem enige EEN van Suid-Afrika se top-uitvoerprodukte.**

- Goud ✓
- Platinum ✓
- Steenkool ✓
- Motors ✓
- Diamante ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

3.2.2 **Watter internasionale organisasie reguleer vrye handel tussen lande?**

Wêreld Handelsorganisasie / WHO ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *uitvoerbevordering*.**

Uitvoerbevordering verwys na maatreëls wat deur die regering onderneem word om plaaslike produsente aan te moedig om meer te produseer om aan ander lande te verkoop. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2.4 **Verduidelik 'n rede waarom die regering uitvoerbevoordoring ondersteun.**

- Uitvoerbevordering vergroot die produksievermoë van die land en lei tot ekonomiese groei ✓✓
- Deur uitvoerbevoordoring sal meer werkers in diens geneem word en pryse sal verlaag word ✓✓
- Uitvoerbevordering help om die betalingsbalans onewewig reg te stel aangesien daar meer geld na die land sal vloei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 Hoe dra vryhandel tot verbeterde ekonomiese groei by?

Vryhandel dra by tot verbeterde ekonomiese groei deur:

- toenemende wêreldproduksie wanneer lande spesialiseer in dit waarin hulle relatief die beste is ✓✓
- die vermindering van eenheidskoste van produksie deur skaalvoordele te maksimeer. ✓✓
- toenemende mededinging wat innovasies aanmoedig ✓✓
- die verbetering van globale doeltreffendheid deur meer doeltreffende toewysing van hulpbronne toe te laat ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.3 DATARESPONS

3.3.1 Noem enige EEN nywerheidsontwikkelingsbeleid in Suid-Afrika.

- Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk (NIPF/NNBR) ✓
- Nywerheidsbeleid-aksieplan (IPAP/NBAP) ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 Watter finansiële aansporing word gebruik om besighede te lok om in die Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e) te werk?

Doeane fooi-aansporing/Belastingvrye aansporing ✓ (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *industriële ontwikkeling*.

Industriële ontwikkeling verwys na beleide wat gemik is op die aanmoediging van nywerheidsinvesterings en groter nywerheidsdoeltreffendheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 Verduidelik die belangrikheid van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika.

- vestig grootskaalse vervaardiging, landbou, mynbou en dienste produksie en skep werksgeleenthede in die proses ✓✓
- diversifiseer die ekonomie en bereik hoë koerse van besparing en belegging ✓✓
- ontwikkel en handhaaf toepaslike aansporings om beleggers te lok. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 Hoe sal streeksontwikkeling in Suid-Afrika die hele Afrika bevoordeel?

- Suid-Afrika word beskou as 'n poort/deurgang na Afrika. ✓✓
- Deur streeksontwikkeling in Suid-Afrika kan buurlande ons hawens en lughawens vir uitvoergeleenthede gebruik. ✓✓
- Suid-Afrika se streeksbenadering sal strategiese rigting gee in terme van Suid-Afrika se handelsposisie in die Suidelike Doeanesunie en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap. ✓✓
- Suid-Afrika se streeksontwikkelingsprogramme in die infrastruktuur sal ekonomiese ontwikkeling in die aktiwiteite van die Afrika-unie (AU), en die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (NEPAD) verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *produksieprysindeks* en *verbruikersprysindeks* as ekonomiese aanwysers.

Produksieprysindeks (PPI)

- PPI word gebruik om die pryse van binnelands geproduseerde goedere te meet ✓✓
- Het betrekking op koste van produksie ✓✓
- Dit meet ook 'n styging of afname in die prys van ingevoerde goedere. ✓✓
- Wanneer die rand depresieer, sal dit eers in die PPI weerspieël word. ✓✓
- Pryse sluit BTW uit (Enige 2 x 2)

Verbruikersprysindeks (VPI)

- Dit verteenwoordig die koste van 'n inkopiesmandjie van goedere en dienste van 'n tipiese SA huishouding. ✓✓
- Kapitaal- en intermediêre goedere is uitgesluit ✓✓
- Dit wys veranderinge in die koopkrag van die rand. ✓✓
- Het betrekking op lewenskoste ✓✓
- Pryse sluit BTW in
- Dit is die amptelike indeks wat in inflasietekens gebruik word. ✓✓

(Enige 2 x 2) (8)

3.5 Hoe kan die regering werkloosheid in die ekonomie verminder?

Die regering kan die vlak van werkloosheid verminder deur:

- verbetering van onderwys en opleiding deur die toepassing van die vaardigheidsontwikkelingsprogramme om strukturele indiensneming te help verminder en beter vergoeding te verseker wat vraag en produksie sal stimuleer ✓✓
- die aanbied van geografiese subsidies om firmas aan te moedig om in onderontwikkelde streke te belê om werklose jeugdige te absorbeer en hulle te voorsien van internskappe wat nodig is om die nuutste tegnologie te gebruik wat in produksieprosesse vereis word ✓✓
- Verlagings van minimum loon om reële loonwerkloosheid te verminder ✓✓
- meer buigsame arbeidsmarkte toe te laat om dit makliker te maak om werkers aan te stel en af te dank ✓✓
- verskaffing van werk deur EPWP ✓✓
- regeringsbeleide te gebruik wat die totale vraag sal verhoog, soos dalende rentekoerse, belastingverlagings en verhoging van staatsbesteding. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 4 x 2)

(8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1 **Noem TWEE hoofitems wat gebruik word om die handelsbalans te bereken.**

- Uitvoere ✓
- Invoere ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Watter effek het subsidies op produksie op bruto toegevoegde waarde?**

- Subsidies op produksie verander die kosteproduksie van goedere en, as gevolg daarvan, die hoeveelheid geproduseer ✓✓
- Hulle verlaag die bruto waardetoegevoegde syfers ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.2 DATARESPONS

4.2.1 **Identifiseer 'n bron van staatsinkomste uit die data hierbo.**

Belasting ✓ (1)

4.2.2 **Watter persentasie van openbare skuld tot nominale BBP word as die algemene skuldreël aanvaar?**

60% ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *begroting*.**

Begroting is die staat van die regering se beplande uitgawes en verwagte inkomste vir die boekjaar. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.4 **Wat is die doel van die MTBBV?**

- Dit laat staatsdepartemente toe om aansoek te doen vir aanpassings aan hul begrotings, en bykomende fondse aan te vra vir onvoorsienbare en onvermydelike uitgawes. ✓✓
- Dit dui aan hoe die regering van plan is om die komende nasionale begroting toe te ken. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.2.5 **Hoe kan die regering sy inkomste verhoog?**

Die regering kan sy inkomste verhoog deur:

- meer mense en maatskappye te kry om inkomste- en maatskappybelasting te betaal ✓✓
- die implementering van strategieë en beleide om ekonomiese groei te verhoog ✓✓
- die uitbreiding van belastingbasis deur meer werksgeleenthede te skep ✓✓
- beter dienslewering om belastingontduiking te vermy deur burgers se vertroue in die regering te wen ✓✓
- die vereenvoudiging van belastinginvorderingstelsels om belastingontduiking te verminder ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

4.3 DATARESPONS

4.3.1 Noem EEN rede vir die toename in verstedeliking in Suid-Afrika.

- Opsoek na werk ✓
 - Groter ekonomiese geleenthede in stedelike gebiede ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.3.2 Watter sosio-ekonomiese kwessie kan ontstaan as gevolg van onbeplande verstedeliking?

- 'n Toename in misdaad ✓
 - 'n Toename in werkloosheid ✓
 - Armoede ✓
- (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *verstedeliking*.

Verstedeliking is die beweging van mense van landelike gebiede na stedelike gebiede. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 Verduidelik die negatiewe effek van vinnige verstedeliking op die omgewing.

- Swak lug- en watergehalte ✓
 - Onvoldoende water beskikbaarheid ✓
 - Probleme met afvalverwydering ✓
 - Hoë energieverbruik ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

4.3.5 Hoe kan die regering die probleem van onbeplande verstedeliking verminder?

- Die regering moet toegang tot noodsaaklike maatskaplike dienste verseker, naamlik onderwys, gesondheid, sanitasie en skoon water, tegnologie, elektrisiteit en voedsel. ✓✓
 - Private beleggings moet aangemoedig word om meer werksgeleenthede in onderontwikkelde gebiede te skep. ✓✓
 - Voorsien veldtogte en berading vir doeltreffende gesinsbeplanning om te help om die hoë koerse van bevolkingsgroei te verminder. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek massaproduksie en doeltreffendheid as gevolg van internasionale handel.**

Massaproduksie

- Indien binnelandse vraag by buitelandse vraag gevoeg word, maak dit grootskaalse produksie (massaproduksie) moontlik ✓✓
- Die vervaardiging van vervaardigde goedere vereis dat dit op groot skaal moet plaasvind om dit bekostigbaar en winsgewend te maak, bv. vervaardiging van rekenaars, selfone, motors ens. ✓✓
- Klein lande kan net met groter lande meeding as hulle spesialiseer en suksesvol uitvoer. ✓✓
- Suid-Afrikaanse besighede voer na Afrika-lande uit ✓✓ (Enige 2 x 2)

Doeltreffendheid

- Onbepaalde internasionale handel verhoog mededinging ✓✓
- Mededinging verhoog doeltreffendheid aangesien dit onnodige koste en vermorsing/verkwisting uitskakel en verminder ✓✓
- Verhoogde doeltreffendheid lei tot laer koste en laer pryse ✓✓
- Laer pryse beteken dat dieselfde inkomste meer goedere en dienste kan koop ✓✓ wat tot 'n verhoogde lewenstandaard lei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4 + 4) (8)

4.5 **Verduidelik die uitdagings in die implementering van 'n beskermingsbeleid**

'n Beskermingsbeleid het die volgende uitdagings:

- nywerhede wat beskerming gekry het, is geneig om daarvan afhanklik te raak en kan nooit finansiële voortbestaan nie ✓✓
- sommige nywerhede is nie beskerm teen prysverlaging / storting van buitelandse goedere en dienste nie ✓✓ byvoorbeeld die storting van hoender deur die VSA ✓
- die styging in werkloosheidsyfers (35%) het die lewenstandaard benadeel as gevolg van 'n laer vraag wat 'n negatiewe impak op plaaslike produksie ✓
- die nadele van hoër pryse teenoor die voordele van laer ingevoerde pryse is moeilik om op die lang termyn op te weeg ✓✓
- beskerming moedig grootliks invoervervanging aan wat ekonomiese groei en werkskepping demp ✓✓
- dit is moeilik vir die regering om te bepaal wanneer om beskerming uit te faseer, want as dit te vroeg gedoen word, sal dit die industrieë kwesbaar laat ✓✓
- die inflasiespiraal word geaktiveer, want die koste verbonde aan beskerming beteken dat plaaslik vervaardigde goedere duurder is as ingevoerde goedere ✓✓
- dit is moeilik om nuwe bedrywe te identifiseer wat moontlik tydelike beskerming verleen ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4 x 2) (8)

AFDELING C

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek in detail die kenmerke onderliggend aan vooruitsskatting van sakesiklusse** (26 punte)
- **Ontleed die negatiewe impak van sakesiklusse op die ekonomie.** (10 punte)

INLEIDING

Besigheidsiklusse kan gebruik word om ekonomiese voorspellings te maak (voorspel toekomstige gebeure) / 'n Besigheidsiklus kan as opeenvolgende periodes van toenemende en dalende ekonomiese aktiwiteite beskryf word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (2)

INHOUD: HOOFDEEL

Leidende ekonomiese aanwysers ✓

- Dit is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander/met die verwysingsdraaipunt saamval. ✓✓
- Hulle gee verbruikers, besighede en beleidmakers 'n blik op waarheen die ekonomie op pad is. ✓✓
- Hulle bereik die hoogtepunt voordat die ekonomie die hoogtepunt bereik. ✓✓
- Belangrikste tipe aanwyser om ekonomie te help om te voorspel hoe die ekonomie in die toekoms gaan wees. ✓✓
- Wanneer hierdie aanwysers welvaart toon, sal die vlak van ekonomiese aktiwiteite ook oor 'n paar maande styg ✓✓ bv. aantal nuwe voertuie verkoop, werklike uitvoere van goedere, ens. ✓

Samevallende ekonomiese aanwysers ✓

- Hulle beweeg op dieselfde tyd as die ekonomie. As die draaipunt van 'n spesifieke tydreeksveranderlike saamval met die verwysingsdraaipunt. ✓✓
- Dit dui die huidige stand van die ekonomie aan ✓✓ bv. kleinhandelverkope. ✓✓
- As die sakesiklus 'n hoogtepunt bereik en dan begin daal, sal die waarde van kleinhandelverkope 'n hoogtepunt bereik en dan terselfdertyd begin daal. ✓✓

Sloerende aanwysers ✓

- Hulle verander nie van rigting tot nadat die sakesiklus sy rigting verander het nie. ✓✓
- Hulle dien om die gedrag van samevallende aanwysers te bevestig ✓✓ bv. nuwe masjinerie verkoop. ✓
- As die sakesiklus die hoogtepunt bereik en begin daal, is ons in staat om die waarde van nuwe masjinerie wat verkoop word, te voorspel. ✓✓

Saamgestelde aanwysers ✓

- Dit is 'n groepering van verskeie aanwysers van dieselfde soort in 'n enkele waarde. ✓✓
- Die enkele syfer vorm die norm vir 'n land se ekonomiese prestasie. ✓✓

Lengte ✓

- Dit is die tyd wat dit neem vir 'n sakesiklus om deur een volledige siklus te beweeg. Dit word gemeet van piek tot piek/trog tot trog. ✓✓
- Dit is nuttig om die lengte te ken omdat die lengte geneig is om met verloop van tyd relatief konstant te bly. ✓✓
- As sakesiklusse langer is, beskou ons die ekonomie as sterk. ✓✓

Amplitude ✓

- Dit is die verskil tussen die totale uitset tussen 'n piek en 'n trog. ✓✓
- Dit meet die afstand van die ossillasie van 'n veranderlike vanaf die tendenslyn. Dit is die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteit. ✓✓
- Hoe groter die amplitude, hoe meer drasties is die veranderinge wat kan voorkom. ✓✓

Tendens ✓

- 'n Tendens is die algemene rigting waarin die ekonomie beweeg. ✓✓
- Dit het gewoonlik 'n positiewe helling omdat die produksievermoë van die ekonomie mettertyd toeneem. ✓✓
- Tendense is nuttig omdat dit die algemene rigting aandui waarin die ekonomie op pad is. Dit dui die tempo van toename of afname in die vlak van uitset aan. ✓✓

Ekstrapolasie ✓

- Dit is die tegniek om vorige data te gebruik om voorspellings oor die toekoms te maak. ✓✓
- Dit word ook gebruik om ekonomiese voorspellings in ander omgewings te maak ✓✓ bv. voorspelling van toekomstige aandeelprys. ✓

Bewegende gemiddelde ✓

- Dit is 'n statistiese analitiese hulpmiddel wat gebruik word om die veranderinge in 'n data reeks oor 'n tydperk te ontleed. ✓✓
- Bewegende gemiddeldes kan vir die afgelope drie maande bereken word om enige geringe fluktuasies uit te stryk. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)

(Beide subopskrifte en voorbeelde word tot 'n maksimum van 8 punte nagesien)

Maks. (26)

ADDISIONELE DEEL

- Tydperke van vinnige groei in BBP lei tot inflasie met verskeie ekonomiese koste wat tot 'n resessie lei. ✓✓
- 'n Inkrimping in die ekonomie veroorsaak dat totale vraag afneem wat weer 'n afname in aanbod veroorsaak. ✓✓
- In 'n wêreldwye resessie neem die vraag van ander lande na Suid-Afrikaanse produkte af. ✓✓
- Resessie verteenwoordig 'n groot vermorsing van hulpbronne en lang tydperk van werkloosheid wat ook dan tot 'n verlies aan arbeidsproduktiwiteit lei. ✓✓
- Die onsekerheid wat deur sakesiklusse geskep word, veroorsaak laer investering en dit kan tot laer langtermyn ekonomiese groei lei. ✓✓

- In 'n resessie gaan ondoeltreffende firmas uit besigheid en werkloosheid neem toe ✓✓
- In 'n wêreldwye resessie neem die vraag van ander lande na Suid-Afrikaanse produkte af. ✓✓
- Die vraag na die rand neem af, die randwisselkoers depresseer. ✓✓
- Sakesiklusse raak oor die algemeen ekonomies kwesbare mense meer as die res van die bevolking. ✓✓
- Mense wat ekonomies kwesbaar is ly die meeste wanneer lewenstandaarde daal tydens 'n resessie ✓✓
- Daar is minder geld om te bestee aan maatskaplike opheffingsprojekte en toelaes om mense in nood by te staan. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.)

Maks. (10)

SLOT

Variasies in die land se monetêre en fiskale beleid is 'n belangrike maatstaf wat die regering kan gebruik om sakesiklusse te bestuur.

(Aanvaar enige hoër-orde relevante gevolgtrekking.)

Maks. (2)

[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek in detail die Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleide en strategiese inisiatiewe.** (26 punte)
- **Evalueer die privaat-openbare vennootskap in die bereiking van ekonomiese groei en ontwikkeling.** (10 punte)

INLEIDING

Verskillende groei- en ontwikkelingstrategieë is sedert 1994 in Suid-Afrika geïmplementeer, elk wat daarop gemik is om spesifieke behoeftes ten tye van bekendstelling aan te spreek.

(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.)

(2)

INHOUD: HOOFDEEL**Heropbou- en Ontwikkelingsbeleid (HOP) ✓**

- Die HOP-strategie was om armoede te verlig en die ongelykhede en tekorte in maatskaplike dienste aan te spreek deur te fokus op werkskepping, welsyn, behuising, vervoer, grondhervorming, gesondheidsorg, onderwys, opleiding, water en sanitasie. ✓✓
- Die behuisinginfrastruktuur van die meerderheid van die mense het begin verbeter ✓✓
- Meer elektrifisering van die landelike gemeenskappe is in plek gestel ✓✓
- Die HOP-program het die oorspronklike roetekaart vir ekonomiese groei en ontwikkeling van die land geword ✓✓
- Dit was 'n sosio-ekonomiese beleidsraamwerk wat as 'n goue draad in elke regeringsplan deurgeloop het ✓✓
- Gehelp met die ontwikkeling van menslike hulpbronne wat die ekonomie die nodigste vir ontwikkeling benodig ✓✓

Groei, Indiensneming en Herverdelingbeleid (GEAR) ✓

- Die strategie was om ekonomiese ontwikkeling te versterk, inkomste te herverdeel en sosio-ekonomiese geleenthede vir die armes te skep. ✓✓
- Het groter finansiële dissipline en makro-ekonomiese stabiliteit meegebring. ✓✓
- Daar was werklike vermindering in fiskale tekort (minder as 3% in terme van internasionale maatstawwe). ✓✓
- Inflasie het meestal tot binne die inflasieteikens gedaal. ✓✓
- Buitelandse valuta-reserwes het in die meeste opsigte toegeneem. ✓✓
- GEAR het nie daarin geslaag om volhoubare werkseleenthede te skep en rykdom meer eweredig te herverdeel nie ✓✓

Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS) ✓

- Hierdie beleid verskaf die raamwerk vir vaardigheidsontwikkeling in die werkplek. ✓✓
- JIPSA is 'n kort- tot mediumtermyn-meganisme om die doelwitte van die NVOS te bespoedig ✓✓ en om die aanleer van vaardighede wat nodig is vir versnelde en gedeelde groei te prioritiseer ✓✓

Drie prosesse vir implementering:

- Dit fokus op produktiewe burgers ✓✓
- Fokus op billikheid ✓✓ kwaliteit opleiding ✓✓ en vaardigheidsontwikkeling in die werkplek ✓✓
- Fokus op institusionele leer ✓✓

Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (ASGISA) ✓

- Asgisa se doelwit was om regeringsinisiatief met ekonomiese ontwikkeling te koordineer ✓✓
- AsgiSA het daarin geslaag om meer werk te skep wat gelei het tot verhoogde lone en verbruik ✓✓
- Dit het die lewenstandaard van sommige burgers verbeter ✓✓
- Dit het werkloosheidskoersvlakke effens verlaag deur die Uitgebreide Openbare Werke-program (EPWP) ✓✓
- AsgiSA het ook gepoog om ekonomiese groei te verhoog hoewel Suid-Afrika steeds hoë vlakke van werkloosheid ervaar, veral onder die jeug ✓✓

Gesamentlike Inisiatief oor die Verwerwing van Voorkeurvaardighede (JIPSA) ✓

- dit is die vaardigheidsbemagtigingsarm van AsgiSA ✓✓
- die inisiatief is in 2006 van stapel gestuur om die land se chroniese probleemareas aan te spreek: werkloosheid en die vaardigheidstekort ✓✓

Uitgebreide Openbare Werke-programme ✓(UOWP)

- Dit is 'n landwye regeringsingryping om werk te skep deur arbeidsintensiewe metodes te gebruik, ✓✓
- om mense vaardighede aan te leer wat hulle kan om werk te kry wanneer hulle werk in die UOWP klaar is. ✓✓

Dit doen dit deur:

- Gee werklose mense toegang tot tydelike werk. ✓✓
- Help werklose mense deur vaardigheidsprogramme en werkservaring. ✓✓
- Verseker dat werklose mense 'n toelae ontvang vir enige werk wat hulle as deel van die UOWP voltooi het. ✓✓
- Verbetering van UOWP-deelnemers se kanse om werk te kry of hul eie besighede te begin. ✓✓

UOWP fokus op vier sektore:

- Infrastruktuursektor ✓ – Werkseleenthede binne hierdie sektor fokus meer op arbeidsverwante aktiwiteite soos instandhoudingsprogramme. ✓✓
- Nie-staatsektor ✓ – gelei deur die Independent Development Trust (IDT) verskaf befondsing aan NRO's om gereelde deeltydse werk met gereelde inkomste te verskaf ✓✓
- Omgewings- en Kultuursektor ✓ – Hierdie sektor skep werk deur uitheemse plantegroei skoonmaakprojekte, vleiland rehabilitasieprogramme, afvalbestuur en gemeenskapstoerisme projekte. ✓✓
- Die sosiale sektor ✓ – fokus om die kwaliteit van tuisversorging en vroeë kinderontwikkelingsprogramme te verhoog ✓✓

Die Nuwe Groeipad(NGP) ✓

- Dit het ten doel om groei te bevorder om werk en groter gelykheid te bewersktellig ✓✓
- Dit is in Oktober 2010 aangekondig en die hoofokus was om 5 miljoen werksgeleenthede oor die volgende 10 jaar te skep ✓✓

Sleutel-areas waar werk geskep kan word:

- Infrastruktuuruitbreiding met beleggings in vyf belangrike fisiese en sosiale infrastruktuurareas ✓✓ naamlik energie, vervoer, kommunikasie, water en behuising ✓✓
- Die landbou waardeketting deur die hoë koste van kunsmis en ander insette aan te spreek ✓✓ en deur verwerking en uitvoerbemarking te bevorder ✓✓
- Die mynbou waardeketting deur mineraalontginning te verhoog wat infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling verbeter ✓✓
- en die ondersteuning van die veredeling op die finale vervaardiging van verbruikers en kapitaalgoedere ✓✓ waardeur minerale plaaslik tot hoërwaarde produkte verwerk word eerder as om rou minerale uit te voer om na die buiteland verwerk te word ✓✓
- sodoende werk te skep en welvaart te genereer ✓✓
- Die groen ekonomie deur die uitbreiding van konstruksie en produksie van tegnologieë ✓✓ vir sonenergie, windenergie en biobrandstof ✓
- Vervaardigingssektore deur innovasie, sterk vaardigheidsontwikkeling, verlaagde insetkoste en verhoogde navorsings- en ontwikkelingsinvestering ✓✓
- Toerisme en sekere hoëvlakdienste ✓✓

Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) ✓

- Beoog om armoede teen 2030 uit te skakel en ongelykheid te verminder ✓✓

Drie prioriteite staan uit:

- Verhoging van indiensneming deur vinniger ekonomiese groei ✓✓
- Verbetering van die gehalte van onderwys, vaardigheidsontwikkeling en innovasie ✓✓
- Die bou van die staat se vermoë om 'n ontwikkelings-, transformerende rol te speel. ✓✓

Om die akute uitwerking van armoede op miljoene Suid-Afrikaners oor die kort termyn te verminder, stel die plan voor om:

- Stel aktiewe arbeidsmarkbeleide en aansporings in om indiensneming te laat groei, veral vir jongmense en in sektore wat relatief lae geskoolde mense in diens neem. ✓✓
- Brei openbare indiensnemingsprogramme uit tot 1 miljoen deelnemers teen 2015 en 2 miljoen teen 2020 ✓✓
- Versterk primêre gesondheidsorgdienste en verbreed distriksgebaseerde gesondheidsprogramme, soos die gemeenskaps gesondheidswerker- en vroedvrou programme, en gesondheidsopvoeding. ✓✓
- Brei welsynsdienste en openbare indiensnemingskemas uit, wat die staat in staat stel om arm gemeenskappe te bedien en te ondersteun, veral dié met hoë vlakke van misdaad en geweld. ✓✓
- Stel 'n voedingsprogram vir swanger vroue en jong kinders bekend en brei vroeë kinderontwikkelingsdienste uit vir kinders onder vyf. ✓✓
- Verbeter die gehalte van onderwys in onderpresterende skole en kolleges vir verdere onderwys en opleiding. ✓✓

- Bevorder gemengde behuisingstrategieë en meer kompakte stedelike ontwikkeling om mense te help om toegang tot openbare ruimtes en fasiliteite, werk en sakegeleenthede te kry. ✓✓
 - Belê in openbare vervoer, wat lae-inkomste huishoudings sal bevoordeel deur mobiliteit te fasiliteer. ✓✓
- Maks. (26)

Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) ✓

- SEB het daarin geslaag om sommige swartes deur die stelsel te bemagtig deur in senior poste in beide die openbare en private sektor aangestel te word ✓✓
- Dit het baie voorheen benadeelde mense aktief by die ekonomie van die land betrek ✓✓
- Dit het geleenthede geskep vir jong opkomende entrepreneurs om die sakewêreld te betree ✓✓
- Dit het toeganklikheid van oop besigheidsgeleenthede in die verskillende sektore van die ekonomie gebied ✓✓
- Swart Ekonomiese Bemagtiging het alle Suid-Afrikaners bevoordeel, hoewel die stelsel deur 'n paar met korrupte neigings misbruik is ✓✓
- Dit het waardevolle hulpbronne regverdig toegewys, maar nepotisme en wydverspreide korrupsie het gelei tot waardevolle hulpbronvermorsing ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.) Maks. (26)

Bevorderingsprogram vir kleinsake ontwikkeling

- Om ondersteuning te bied en sodoende groei van klein besigheid te bevorder
- Om te verseker dat nuwe entrepreneurs behoorlik gementoor, ondersteun en gekoester word om KMMO's aan sthe moedig.
- KMMO's word deur die regering erken as krities vir die groei en ontwikkeling van die ekonomie.

ADDISIONELE DEEL

Positiewes

- Hulle help om onvoldoende infrastruktuur wat ekonomiese groei beperk, veral in ontwikkelende lande te oorkom deur private sektor bronne te mobiliseer en voldoende instandhouding te verseker ✓✓
- Hulle dien as 'n instrument om op markmislukkings te reageer terwyl die risiko van regeringsmislukking tot die minimum beperk word ✓✓
- Dit lei tot vinniger projekvoltooings en verminderde vertraging op infrastruktuur projekte deur tyd-tot-voltooiing in te sluit as 'n maatstaf van prestasie en dus van wins. ✓✓
- Innoverende ontwerp- en finansieringsbenaderings word beskikbaar gestel wanneer die twee entiteite saamwerk. ✓✓
- Die operasionele en projekuitvoeringsrisiko's word van die regering na die private deelnemer oorgedra, wat gewoonlik meer ondervinding in kostebeheer het. ✓✓
- Deur die doeltreffendheid van die regering se belegging te verhoog, laat dit staatsfondse toe om na ander belangrike sosio-ekonomiese gebiede herlei te word. ✓✓
- Die groter doeltreffendheid van PPP's verminder staatsbegrotings en begrotingstekorte. ✓✓

Negatiewe

- Elke publiek-private vennootskap hou risiko's in vir die private deelnemer, wat redelikerwys verwag om vergoed te word vir die aanvaarding van daardie risiko's. Dit kan staatskoste verhoog. ✓✓
- 'n Beperkte aantal private entiteite wat die vermoë het om 'n projek te voltooi, kan die mededingendheid wat vir kostedoeltreffende vennootskap vereis word, beperk. ✓✓
- As die kundigheid in die vennootskap baie aan die private kant lê, is die regering inherent benadeel. ✓✓ Dit kan byvoorbeeld nie in staat wees om die voorgestelde koste akkuraat te bepaal nie. ✓✓
- Sommige projekte kan polities of sosiaal meer uitdagend wees om in te stel en te implementeer as ander – veral as daar 'n bestaande openbare sektor werksmag is wat vrees om na die private sektor oorgeplaas te word. ✓✓
- Regeringsverantwoordelikheid duur voort – burgers sal voortgaan om die regering verantwoordelik te hou vir die kwaliteit van nutsdienste. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.) Maks. (10)

SLOT

Suid-Afrika het sedert sy oorgang na demokrasie in 1994 groot pogings aangewend om die welstand van sy burgers te verbeter, maar vordering het in die laaste dekade verminder. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde gevolgtrekking) Maks. (2)

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150